Agri Securitas
Trust Fonds/Trust Fund
Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/Fax +27 (0)12 663 3178

Geldelike hulp vir misdaadvoorkoming
Financial support for crime prevention

2 Maart/March 2016

Geldelike hulp vir misdaadvoorkoming

Die kwesbaarheid van boere- en plaaswerkers vir algemene misdadigheid verg aanvullende beveiligingsmaatreëls. Gemeenskappe van Sneeuberg en Samekomst in die Oos-Kaap en Heilbron in die Vrystaat het besluit om hulle eie maatreëls inwerking te stel met die geldelike ondersteuning van die Agri Securitas Trustfonds.

Ongeveer 400 boere en 3400 plaaswerkers en hulle afhanklikes sal veiliger kan werk en woon. Dit volg nadat ‘n kommunikasienetwerk in die Sneeuberg-gebied en ‘n kameranetwerk en veiligheidshek in die Samekomst gebied inwerking gestel is. In die Heilbron gebied in die Vrystaat, sal radio’s ingespan word vir verbeterde kommunikasie en kameras om toegangroetes te monitor. Die beveiligingsprojekte bevorder ook die oogmerke van die Landelike Beveiligingstrategie, naamlik; die vestiging van stelsels om misdaad in landelike gebiede aan te spreek.

Die gemeenskappe is toenemend blootgestel aan huisrowe, diefstal van vee en plaastoebehore. “Dit bly die strewe van die Trustfonds om met sy geldelike bydraes plaaslike boerderygemeenskappe by te staan om hulle teen misdadigheid te beskerm en hulle kwesbaarheid te verminder. Gebrekkige kommunikasie beperk gemeenskappe se vermoë om beveiligingsoptredes te koördineer en effektief op te tree, in noodsituasies. Kamerastelsels het nie net ‘n afskrikwaarde nie, maar verskaf ook waardevolle inligting oor verdagte voertuie en persone wat ‘n gebied binnegaan. Die inligting word dan aan die polisie beskikbaar gestel vir verdere optrede en misdaadvoorkoming”, sê Japie Grobler, voorsitter van die Agri Securitas Trustfonds.

Boere en plaaswerkers dra by tot die plaaslike ekonomie en saam met die res van die sektor word steeds genoeg en heilsame voedsel geproduseer vir Suid-Afrika se bevolking. Die Trustfonds streef daarom, om met sy geldelike ondersteuning, ‘n veiliger landelike gebied teweeg te bring en om die gemeenskappe te help beskerm as ‘n bate vir die land.

Die Trustfonds kan hierdie taak nie alleen uitvoer nie en daarom word erkenning gegee aan sy strategiese vennote, naamlik; Nissan SA, Vodacom, Sanlam, CrisisOnCall, Sonfin en sy gholfdagborge; GWK, NWK, OFM en Senwes wat met hulle finansiële ondersteuning die werk van die Trustfonds moontlik maak.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Japie Grobler, Voorsitter, Agri Securitas Trustfonds, 0828258018
Kobus Visser, Direkteur: Korporatiewe Skakeling, Agri SA, 012-643 3400 of 082 388 0010

Financial support for crime prevention

The vulnerability of farmers and farm workers to general criminality requires additional security measures. The communities of Sneeuberg and Samekomst in the Eastern Cape and Heilbron in the Free State have decided to put their own measures in place using financial assistance from the Agri Securitas Trust Fund.

Approximately 400 farmers and 3 400 farm workers and their dependants will be able to live and work in a safer environment. This follows after a communication network was established in the Sneeuberg area, and a camera system and security gate were installed in the Samekomst area. In the Heilbron district in the Free State radios will be used for improved communication and cameras to monitor access routes. These security projects also promote the objectives of the Rural Safety Strategy, namely; the establishment of systems to address crime in rural areas.

These communities are increasingly exposed to house robberies and theft of livestock and farm equipment. “It remains the Trust Fund’s objective to assist communities with financial contributions to protect them against criminality and to reduce their vulnerability. Deficient communication limits communities’ ability to coordinate security operations and to act effectively in emergency situations. Camera systems not only have a deterrent value but also provide valuable information regarding suspicious-looking vehicles and persons accessing an area. The information is then made available to the police for further action and crime prevention,” says Japie Grobler, chairman of the Agri Securitas Trust Fund.

Farmers and farm workers contribute to the local economy and, together with the rest of the sector, still manage to produce wholesome and adequate food for South Africa’s population. The Trust Fund therefore strives to make a financial contribution towards creating safer rural areas and to assist in protecting these communities as an asset for the country.

The Trust Fund cannot perform this task alone and acknowledge its strategic partners such as Nissan SA, Vodacom, Sanlam, CrisisOnCall, Sonfin and its golf day sponsors, GWK, NWK, OFM and Senwes which, with their financial support, make the Trust Fund’s work possible.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries
Japie Grobler, Chairman, Agri Securitas Trust Funds, 0828258018
Kobus Visser, Agri SA, Director: Corporate Liaison, 012-643 3400 or 082 388 0010